SONDAG 51

VRAAG EN ANTWOORD: 126

		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat is die vyfde bede?				
Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie.	1	Psalm 51:3	Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.	Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid!
		Psalm 143:2	En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.	Moet tog nie 'n regsaak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie!
		Romeine 8:1	Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.	Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.
		1 Johannes 2:1	My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.	Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig-ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader.
Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe.	2	Matteus 6:14-15	Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.	"As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."
		Matteus 18:35	So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.	"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

.